



# FEITEBLAD OOR COVID-19-INENTING

Daar is baie wetenskaplike bewyse dat die entstof ons teen die koronavirus beskerm. Inenting kan verhoed dat baie van ons baie siek word van hierdie siekte.

## Algemene inligting



**Wat is 'n entstof?** 'n Entstof word gebruik om jou immuunstelsel te op lei om in die toekoms 'n infeksie te kan hanteer en dit te beveg.

**Wat is bevolkingsimmunititeit?** Bevolkingsimmunititeit word bereik wanneer baie mense ingeënt is en 'n infeksie dan sukkel om iemand te vind wat kan siek word. Wanneer 'n siekte baie vinnig kan versprei, moet meer mense ingeënt word om bevolkingsimmunititeit moontlik te maak.



**Is daar 'n entstof vir COVID-19?** Ja. In Suid-Afrika is die eerste twee entstowwe wat beskikbaar sal wees die Johnson & Johnson-entstof en die Pfizer/BioNTech-entstof. Ander entstowwe kan ook gebruik word soos meer bevindinge beskikbaar word. Alle entstowwe is deeglik getoets vir veiligheid.

## Oor die entstof

**Hoe sal die entstof gegee word?** Jy sal 'n inspuiting in jou boarm kry. Sommige entstowwe het twee dosisse nodig wat ten minste drie tot vier weke uitmekaar gegee word vir die beste beskerming (bv. een inspuiting in September en nog een in Oktober). Die Johnson & Johnson-entstof word net in een dosis gegee.

**Is COVID-19-entstowwe veilig?** Alle COVID-19-entstowwe wat gebruik word, is verskeie kere getoets om veiligheid te verseker en is spesiaal geskep om te kyk vir enige algemene newe-effekte en veiligheidskwessies, insluitend die dominante COVID-19-variant in Suid-Afrika, genaamd 501Y.V2. Hierdie toetse het mense ingesluit wat 'n hoë risiko vir COVID-19 het, maar die entstof is nog nie genoeg getoets om veiligheid in swanger vroue en kinders te verseker nie. Meer studies word uitgevoer om uit te vind of die entstowwe veilig is vir swanger vroue en kinders.

**Wat is die newe-effekte?** Die newe-effekte is pyn en rooiheid in die boarm waar jy ingespuet is, hoofpyn, en om siek, moeg en koorsig te voel. Dit beteken net dat jou liggaam voorberei word om die virus in die toekoms te beveg. Hierdie newe-effekte is gewoonlik erger na een dag en verdwyn binne vier tot vyf dae. Jy kan parasetamol of 'n anti-inflammatoriese middel gebruik as jy moet.

**Hoe is die entstof so gou gemaak?** Ondervinding met die SARS- en MERS-uitbreking (albei deur koronavirusse veroorsaak), vinniger vervaardiging, befondsing vir veelvuldige proewe en reguleerders wat vinniger as voorheen beweeg, het die proses baie vinniger laat geskied. Niks is afgeskep nie, en die proewe wat veiligheid en doeltreffendheid toets, is net so streng soos dit voorheen was vir ander.



Wes-Kaapse  
Regering

Gesondheid



# Wat om te verwag

**Wanneer is dit my beurt om die COVID-19-entstof te kry?** Inenting sal in drie fases plaasvind, en dit sal begin by die mense wat die grootste risiko vir COVID-19 het weens hul werk, ouderdom of gesondheid.

<b>Fase 1:</b>	sal fokus op gesondheidsorgwerkers in die voorste linie.
<b>Fase 2:</b>	sal fokus op noodsaaklike werkers, mense in groepestellings, mense ouer as 60 jaar en mense ouer as 18 jaar met sekere onderliggende mediese toestande.
<b>Fase 3:</b>	sal fokus op mense ouer as 18 jaar.

**Het ek die entstof nodig as ek al COVID-19 gehad het?** Ja, jy moet steeds ingeënt word as jy reeds COVID-19 gehad het of as jy 'n positiewe teenliggaamtoets gehad het. Ons weet tot dusver dat die natuurlike immuniteit wat jy kry as jy COVID-19 gehad het dalk nie sal aanhou nie. Die inenting sal enige reaksie versterk wat jou immuunstelsel in plek stel na 'n vorige koronavirus-infeksie.

**Kan ek die entstof kry as ek COVID-19-simptome het of in kwarantyn is?** As jy in kwarantyn is nadat jy blootgestel is aan iemand met COVID-19, moet jy wag totdat jy jou kwarantyn tydperk voltooi het voordat jy ingeënt word. As jy COVID-19 het, moet jy wag totdat jy jou isolasietydperk voltooi het voordat jy ingeënt word. As jy COVID-19-simptome het op die dag van jou inenting, sal jy vir 'n COVID-19-toets verwys word en jou inenting sal vir 'n ander tyd geskeduleer word.

**Is dit veilig om 'n entstof te kry as ek 'n onderliggende mediese toestand het?** As jy 'n volwassene is met 'n onderliggende mediese toestand of siekte, het jy 'n groter risiko om ernstig siek te word van COVID-19. As gevolg hiervan, moet jy dit oorweeg om ingeënt te word. Die meeste mense met 'n onderliggende sieketoestand kan die inenting kry, maar jou dokter of die persoon wat jou inent sal vir jou sê of daar enige kwessies is voordat jy die entstof kry.

**Wat kan ek nou doen om te help om myself teen COVID-19 te beskerm totdat ek ingeënt kan word?** Gaan voort om jou masker te dra, jou afstand van ander mense te behou, en jou hande en voorwerpe wat dikwels aangeraak word te ontsmet of te was voordat en selfs nadat jy ingeënt word. Ons weet nog nie of die entstof oordrag stopsit nie, so dis belangrik om veilig te bly en hierdie reëls vir goeie higiëne te volg selfs nadat jy ingeënt is.

## Hoe om jou vrese te besweer

**Sal die entstof my DNA verander?** Nee, die entstof sal nie 'n uitwerking hê op jou DNA nie. Entstowwe word op verskillende maniere gemaak, maar geen entstowwe het enige direkte impak op jou DNA nie.

**Is daar 'n mikroskyfie in die entstof?** Nee, daar is geen mikroskyfies of opspoorders in enige van die entstowwe nie. Om ingeënt te word, beteken nie dat jy nagespoor sal word of dat enige van jou persoonlike inligting gesteel sal word nie.

**Ek is nie seker of ek ingeënt moet word nie. Moet ek dit regtig doen?** Onsekerheid en twyfel oor die entstof sal op ons almal 'n impak hê. As te min van ons kies om ingeënt te word, raak meer mense siek. As meer van ons ingeënt word, raak minder mense siek. Jy kan navorsing doen deur betroubare bronne of Wes-Kaapse Regering se amptelike Facebook-blad of webwerf te volg vir redes vir en inligting oor die entstowwe.

**Onthou:** Of jy 'n gesondheidsorgwerker of 'n lid van die algemene publiek is, dis jou besluit of jy ingeënt wil word of nie. Jou keuse sal gerespekteer word.